higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INHOUD IN MULTIMEDIA
NKR VLAK 3

(10040173)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

282Q1N2214

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... is die lêeruitgang wat gebruik word om 'n Apple QuickTime-rolprent te identifiseer.

A . mp4
B .wma
C .mov
D .avi

1.2 'n Grafiese voorstelling wat in ... -formaat gestoor word, is die kleinste lêergrootte.

A .png
B .jpg
C .tiff
D .img

1.3 ... is die vertikale ruimte tussen drukwerkreëls.

A Reëlspasie
B Letterspasiëring
C Sporing
D Spasiëring

1.4 Photoshop-lêers word in ... -formaat gestoor.

A .eps
B .pdf
C .pict
D .psd

1.5 Grafika op webblaaie vertoon by ... dpi.

A 72
B 54
C 300
D 160

1.6 Die eerste monster of model van 'n produk waaruit ander gekopieer word:

A Proef
B Prototipe
C Ontwerp
D Produk

Kopiereg voorbehou

1.7 In ’n vloeidiagram word die begin of aanvang van ’n proses deur ’n ... aangedui.

A pyltjie
B diamant
C verlengde sirkel
D reghoek

1.8 Om ’n voltooide projek as ’n rolprentlêer te stoor:

A *Save*
B *Transfer*
C *Compress*
D *Export*

1.9 ... skryfwerk is die kuns om die ‘storie’ vir multimediaprodukte te skryf.

A Teks
B Storie
C Kopie
D Skrif (*Script*)

1.10 ... is ’n voorbeeld van ’n grafikalêer.

A .bmp
B .avi
C .mp3
D .mp4

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Ontwerpers wat projekte vir drukmedia skep, behoort die (RGB/CMYK) -kleurprofiel te gebruik.

2.2 (AVCHD/MPEG-4) is ’n eksklusiewe, hoëdefinisie-videoformaat.

2.3 Videokompressie is (verliesend [*lossy*]/verliesloos [*lossless*]).

2.4 Hoe meer (kleure/pixels) gebruik word, hoe hoër is die gehalte van ’n beeld.

2.5 Digitale video wat ontwerp is om oor die internet te stroom, is gewoonlik van ’n (laer/hoër) gehalte.

2.6 pdf is ’n (gekompakteerde/ongekompakteerde) formaat.

2.7 (.txt/.rtf) is ’n formaat wat gebruik word vir lêers wat op woordverwerkers geskep word, wat teks en grafika insluit.

Kopiereg voorbehou

2.8 Die ontwerp van tydskrifvoorblaaie word gewoonlik met ’n (rooster/vryformaat) -uitleg gedoen.

2.9 Onverwerkte/rou grafikalêers is foto’s met (hoë/lae) resolusie.

2.10 Die funksie wat gebruik word om teks verder van ’n kantruimte te beweeg, staan bekend as (*outdent/indent*).

2.11 Paragraaf- (instellings/style) is ’n nuttige metode om tyd te bespaar wanneer groot hoeveelhede teks geformateer word.

2.12 Die ruimte tussen twee kolomme staan bekend as die (*gutter/bleed*).

2.13 Die (teksskrywer/teksredigeerder) is daarvoor verantwoordelik om al die teks vir spelfoute na te gaan.

2.14 Wanneer multimedia-inhoud geskep word, moet die gebruikerkoppelvlak op elke bladsy (dieselfde/verskillend) wees.

2.15 Programmering is deel van die (voor-/na-) produksiefase.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Kies ’n woord/item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	’n Kleureffek wat die vier drukwerkkomponente verteenwoordig, naamlik siaan, magenta, geel en swart	A	koel kleure soos blou, groen, pers
3.2	’n Kleur wat gebruik word om ’n fokuspunt te skep	B	dominante kleur
3.3	Inkleuring wat ’n reënboogeffek vertoon	C	helder, warm kleure
3.4	Die kleur wat die sigbaarste in ’n samestelling is	D	pulserende effek
3.5	Kleurpatrone met helder komplementêre kleure	E	basiskleur
3.6	Persepsie van nabyheid	F	verskillende kleurtoonlae
3.7	Assosiasie met varsheid	G	primêre kleur
3.8	Skepping van 3D-vorme	H	skeidingseffek
3.9	’n Kleurverandering wat die indruk van animasie skep	I	siklussering-effek
3.10	Die kleur wat onder ’n kleurmasker verskyn	J	gradasie-effek
		K	aksentkleur
		L	tersiêre kleure

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

luswerking; statiese; verliesend (*lossy*); GK (gebruikerkoppelvlak); vraaganalise/opdrag; produksiebestuurder; masker; inhoudsopgawe; morfering; verspreiding; draagbare dokument-formaat; agterkant; serif; onverwerkte video/bronvideo; simbool

4.1 Animeerders gebruik ’n ... laag om elemente op die onderliggende lae weg te steek of te wys.

4.2 Die proses in animasie waarvolgens een vorm in ’n ander verander word, staan bekend as ...

4.3 ’n ... is ’n element in animasie wat weer gebruik kan word.

4.4 Die soort video wat jy met jou kamera neem, staan bekend as ... -formaat.

4.5 TOC staan vir ...

4.6 ’n Lettertipe met klein strepies aan die einde van letterhale staan bekend as ...

4.7 ’n Stel bladsye wat saam in InDesign besigtig word, staan bekend as ’n …

4.8 ’n Indeks verskyn gewoonlik aan die ... van ’n boek.

4.9 PDF staan vir ...

4.10 Die verbinding tussen die gebruiker en ’n elektroniese toestel, bv tablet, staan bekend as die …

4.11 ’n ... is ’n metode wat gebruik word om te bepaal presies wat die kliënt wil hê.

4.12 Die ... is die persoon wat ’n projek bestuur en alle werk skeduleer om spertye te haal.

4.13 Datakompressie waar onnodige inligting weggegooi word, staan bekend as ...

4.14 ... verwys na ’n klank of video wat onafgebroke speel.

4.15 ... webtuistes het GEEN interaktiwiteit nie.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Beskryf kortliks waar jy die volgende in multimedia-ontwerp sal gebruik:

5.1.1 Tipografiese logo’s

5.1.2 Simboliese logo’s

(2 × 2) (4)

5.2 Definieer die term *raam-animasie.* (3)

5.3 Onderskei tussen die volgende elemente van raam-animasie:

5.3.1 tussentekeninge (4)

5.3.2 spasiëring (3)

5.4 Bespreek bewegingsgids (*motion guide*) in animasiesagteware. (3)

5.5 Noem VIER voorbeelde van oorgange tussen videosnitte. (4 × 1) (4)

5.6 Noem enige VIER wenke of idees oor hoe om kreatief met jou ontwerpe te wees. (4)

[25]

VRAAG 6

6.1 Jy word deur jou kollege versoek om oudiobaan by ’n video te voeg. Verstrek voorbeelde van enige DRIE oudiobane wat jy by jou videoredigeringsagteware kan voeg. (3 × 2) (6)

6.2 Noem VYF voordele van digitale video bo analoog. (5)

6.3 Definieer die term *videokodek*. (3)

6.4 Verduidelik die verskil tussen die geïnterlinieerde en nie-geïnterlinieerde metode waarop lyne op ’n TV-skerm geskandeer word. (2 × 2) (4)

6.5 Bespreek die doel daarvan om ’n meesterblad in Adobe InDesign te hê. (5)

6.6 Gee die taalkode vir die volgende tale:

6.6.1 Suid-Sotho

6.6.2 Engels

(2 × 1) (2)

[25]

VRAAG 7

7.1 Onderskei tussen die *ontwikkelingstelsel* wat deur multimedia-inhoudskeppers gebruik word en die *terugspeelstelsels* van gebruikers. (4)

7.2 Verduidelik die verskil tussen *letterspasiëring* en *volging* (tracking) in teksformatering. (2 × 2) (4)

7.3 Verstrek DRIE voorbeelde van multimedia-inhoud wat op webblaaie aangetref kan word wat die webblad interessanter vir gebruikers maak. (3)

7.4 ’n Regisseur gebruik ’n storiebord vir die produksie van ’n episode in ’n TV-sepie. Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot die bostaande scenario.

7.4.1 Verduidelik kortliks wat met ’n *storiebord* bedoel word. (2)

7.4.2 Bespreek die doel van die storiebord in die bostaande scenario. (2)

Kopiereg voorbehou

7.4.3 Noem DRIE elemente wat deel van die storiebord kan uitmaak. (3)

7.4.4 Tydens watter produksiefase sal die regisseur die storiebord ontwikkel? (1)

7.4.5 Noem TWEE voordele wat ’n storiebord vir die regisseur inhou. (2)

7.5 Noem VIER grondbeginsels wat in ’n dinkskrumsessie gevolg behoort te word. (4)
[25]

VRAAG 8

8.1 Beskryf die funksie van die volgende in die produksie van ’n webblad:

8.1.1 Media-inhoudspesialis (4)

8.1.2 Multimedia-draaiboekskrywer (4)

8.2 ’n Grafiese kunstenaar is deel van ’n span wat ’n nuwe rekenaarspeletjie ontwikkel.

Verstrek DRIE voorbeelde van elemente waarvoor die grafiese kunstenaar verantwoordelik sal wees. (3)

8.3 Verduidelik die doel van ’n *inligtingslys* in ’n multimediaprojek. (2)

8.4 Noem TWEE voorbeelde van sagteware wat gebruik kan word vir die redigering van:

8.4.1 Grafikalêers

8.4.2 Klanklêers

(2 × 2) (4)

8.5 Bespreek die naproduksiefase van ’n e-boek. (5)

8.6 Noem DRIE take van ’n produksiebestuurder. (3)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou